

# Dink goed oor 'lewende testament'

Danksy die mediese wetenskap kan mense soms langer aan die lewe gehou word as normaalweg, maar dikwels is hul lewensgehalte swak. Terwyl 'n mens gesond is, kan jy 'n lewende testament opstel om byvoorbeeld sekere behandelings te weier.

'n Paar lesers het nou al vir my gevra wat 'n lewende testament behels. Ek skets vandag kortliks die regsagtergrond en doen 'n paar riglyne aan die hand vir diegene wat so 'n testament wil opstel.

Eerstens moet lesers doodseker maak hulle verstaan die verskil tussen wat ek sal noem 'n normale testament en 'n lewende testament. Jou normale testament, dít wat ons in die gewone, daaglikse omgang bedoel as ons van 'n testament praat, is 'n dokument waarin jy jou laaste wense uitspreek en instruksies nalaat oor hoe daar ná jou afsterwe met jou bates gehandel moet word. Dit word dus eers ná jou dood 'n werkende dokument.

'n Lewende testament is iets anders. Daar is uiteraard geen vereiste van dood vóór dit in werking tree nie – vandaar die benaming lewende testament. Inteendeel, dit het uitsluitlik te doen met jou keuse om vooraf te kan bepaal dat mediese behandeling in sekere omstandighede van jou weerhou moet word juis sodat jy kan sterf.

Die kern van 'n lewende testament kan saamgevat word as 'n vooraf-aanduiding waarin 'n pasiënt in 'n toestand van volle begrip skriftelik aanduidings gee oor die gevalle waarin hy of sy toestemming weier vir sekere mediese behandelings en/of om kunsmatig aan die lewe gehou te word. Mediese navorsing maak dit moontlik vir mense om lank aan die lewe gehou te word, sonder enige werklike lewensgehalte.

Die gedagte vir 'n lewende testament het ontstaan omdat ál meer mense voel dat as die dood onafwendbaar en hy of sy terminaal siek is, mediese behandeling in sekere omstandighede geweier kan word, al verhaas dit die dood. Dit sal minder pyn en lyding tot gevolg hê, geliefdes kan die trauma vryspring en geld wat verkwis word op duur, maar effektief nuttelose mediese behandeling, kan voorkom word. Die tweede gedagte is om te vra dat die maksimum dosisse medisyne toegedien sal word om pyn te verlig, al beteken die toedien van groot dosisse 'n vroeër dood.

Nou die regsprobleem. 'n Lewende testament het geen regsafdwingbaarheid nie. Jy spreek 'n wens uit. Uit 'n ander hoek gesien, is 'n mens ingevolge die Grondwet (Wet 108 van 1996) jou menswaardigheid gewaarborg (artikel 10). Jy het vryheid van beheer oor jou eie liggaam en jy mag nie blootgestel word aan mediese eksperimente sonder jou ingeligte toestemming nie (artikel 12).

Ek dink dít is die kern van 'n lewende testament: Jy neem 'n ingeligte besluit terwyl jy by jou volle sinne is om nie toe te stem tot mediese behandeling in bepaalde omstandighede nie.

Daar is wel 'n sterk gevoel onder party mense dat 'n lewende testament afdwingbaar is omdat die pasiënt daarin die regsperke neerlê van wat met hom of haar gedoen mag word, dat dit bindend is, en dat 'n dokter wat dit ignoreer, regsaanspreeklik gehou kan word.

**Oorweeg 'n lewende testament nugter en met 'n oop gemoed.**

Hoe ook al, die situasie kan vorentoe verander, aangesien daar reeds sedert 1998 konsepwetgewing gereed lê vir die Parlement om oor te besluit. Dit sluit in riglyne met betrekking tot lewende testamente, sowel as opsies oor hoe die kwessie van genadedood gehanteer kan word – 'n regstameletjie van sy eie.

In die lewende testament kan jy die situasie bepaal waaronder die testament in werking tree en welke optredes jy versoek, insluitend die weiering van toestemming tot sekere behandelings. Jy kan ook noem wat met jou liggaam moet gebeur ná jou dood en byvoorbeeld organe skenk. Ek stel voor dat jy dit laat opstel deur iemand met regskennis (soos met 'n normale testament) en spesifiek ook kennis oor die opstel van lewende testamente, aangesien daar 'n aantal kwessies is wat ter sprake kan kom by die uitvoer van jou wense.

Dokters kan byvoorbeeld te make hê met etiese en morele probleme en familielede kan deur emosionele struikelblokke verhinder word om 'n besluit te neem. Daar is ook 'n fyn grens tussen iemand help om te sterf (onwettig) en iemand toelaat om te sterf. Die aanwysings in die lewende testament moet dus baie ondubbelsinnig wees.

Ek beveel aan dat een of twee familielede of vriende by name die mag gegee word om 'n besluit te kan neem, uiteraard ná oorlegpleging met mediese kenners, om byvoorbeeld kunsmatige lewensmiddele te laat afskakel.

Onthou om nie jou lewende testament saam met jou gewone testament in 'n brandkluis te sit nie. Die gewone testament word eers oopgemaak nadat jy dood is en jy wil juis hê die lewende testament moet reël hoe jou lewe beëindig word.

Ek stel voor jy teken minstens twee afskrifte van 'n lewende testament. Los een by jou dokter – dit is 'n goeie idee om die inhoud daarvan met hom of haar te bespreek. Nabye familie moet ook 'n afskrif kry. Bêre dalk ook een by jou siekefonds-besonderhede sodat iemand wat die besonderhede aan 'n hospitaal moet verskaf om jou te kan opneem, terselfdertyd op die lewende testament sal afkom.

Oorweeg 'n lewende testament nugter en met 'n oop gemoed. Bespreek dit vooraf met geliefdes sodat hulle sal verstaan.

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy wat by die Finansiële Diensteraad gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkverskaffer verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.*

**Navrae:** *Mnr. Nico van Gijsen, tel. 021 461 2067 of faks 086 677 6314. E-pos:* ***nico@finlac.com***